

Dinsdag 27 November

Skrifgedeelte: Sagaria 13:7-9

Fokusgedeelte: Sagaria 13:9b

Leef in verbondsgemeenskap met die lewende God sodat elke loutering u nader aan Hom bring

Die tema van reiniging word voortgesit. Daar word weereens verwys na die herder, soos telkemale in die boek. Dit is nie die slegte herders (hfst. 11) nie, maar iemand wat na aan die Here is. Die herder word gedood, en dit kan op die kruisdood van Jesus Christus dui. Daar is 'n groot ooreenkoms met Jesaja 52 en 53 se lydende kneeg van die Here. Deur sy lyding verlos hy baie. Die skape word uitmekaar gejaag en die Here tree teen hulle op. Tweederdes gaan verlore, maar die res leef in 'n noue verbondsverhouding met God.

Die Here sit die reiniging voort en louter almal. Diegene wat sy liefde raaksien in die lou-teringsproses, verwerk dit in gemeenskap met Hom en kom gelouterd daar uit. Diegene wat sy liefde nie raaksien nie, en die louteringsproses negatief ervaar, gaan verlore. Dit beteken die mense wat swaarkry en terugslae sien as God wat louter sodat sy beeld duidelik in hulle gesien kan word, leef as vrug daarvan in noue verbondsgemeenskap met Hom. Wie swaarkry en terugslae nie in gemeenskap met Hom verwerk nie, gaan verlore. Diegene wat beproewinge in verbondsgemeenskap met God verwerk, kom gelouterd daar-deur. Hulle roep die Here aan en Hy antwoord: Julle is my volk.

Hierdie verlose res sing sy lof en bely: Die Here is ons God. Wat 'n voorreg om deur dié God gevorm te word tot koninkrykdiens.

Sing: Psalm 118-2:1, 4

Dr. SJ (Sarel) van der Merwe (Emeritus)